Voorlopige Sekwestrasie

**IN DIE HOË HOF VAN SUID AFRIKA**

**(WES-KAAPSE HOË HOF, KAAPSTAD)**

Saak no. 14831/11

Voor sy Edele Regter Griesel

Op Dinsdag 2 Augustus 2011

In die aangeleentheid tussen:

HUGH EDWARD JOYCE — Applikant

en

SHIRLEY ROBELLA BAILIE — Respondent

(ID. No. 590406 0153 085)

Ongetroud

Woonagtig te Buren straat 30, Bothasig, Provinsie Wes-Kaap.

---

**BEVEL**

---

Na deurlees van die stukke en aanhoor van die Advokaat namens Applikant, gelas die Hof as volg:

0218512996
16-AUG-2011 12:16 From:Johann Viljoen & Gen 0218512996 To:0214252047 Page:2/23

1. Dat die boedel van Respondent onder voorlopige sekwestrasie in die hande van die Meester van die Hoë Hof geplaas word;

2. Dat 'n bevel *nisi* uitgereik word in terme waarvan Respondent opgeroep word om op **Vrydag, 2 Septmber 2011** om **10H00**, of so gou daarna as wat die saak aangehoor word, redes aan te voer, indien enige, waarom:

   2.1. Die boedel van Respondent nie onder finale sekwestrasie geplaas moet word nie; en

   2.2. Die koste van hierdie aansoek nie beveel moet word om koste te wees in die sekwestrasie nie;

3. Dat hierdie Bevel:

   3.1 Op die Respondente persoonlik beteken word deur die Balju van hierdie Agbare Hof; en

   3.2 Beteken word op die Suid Afrikaanse Inkomste Diens se kantore te Hans Strydom Rylaan, Kaapstad;

0218512996
16-AUG-2011 12:16 From:Johann Viljoen & Gen 0218512996 To:0214252047 Page:3/23

3.3 Per vooruitbetaalde gesertifiseerde pos versend word aan alle krediteure van Respondent met eise van meer as R5 000-00;

4. Verdere en/of Alternatiewe Regshulp

**OP LAS VAN DIE HOF**

______________________

**HOF GRIFFIER**

Johan Viljoen en Genote
3de Vloer
Nedbank Gebou
St George's Mall 85
Kaapstad

0218512996
16-AUG-2011 12:16 From:Johann Viljoen & Gen 0218512996 To:0214252047 Page:4/23